# DIE DENKE VAN MESSIAS

Paulus het aan die Korinthiërs gesê ...

> 1 Kor. 2:14  Maar die **natuurlike mens** neem die dinge van die **Gees van Elohiem** nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit **geestelik beoordeel word**.
> 1 Kor. 2:15  Maar die **geestelike mens** beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie.
> 1 Kor. 2:16  Want wie het die **sin** *("mind", G3563)* van JaHUaH geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die **sin** *("mind" G3563*) van Messias.

Om die denke van Messias te hê is om geestelike dinge deur Sy Gees te kan onderskei wat die natuurlike mense nie kan raaksien of verstaan nie.

Strong's G3563 is die Griekse woord "nous" en dit is hier in 1 Kor. 2:16 vertaal as die "sin" van JaHUaH/Messias in Afrikaans maar in Engels is dit vertaal as die "mind" van JaHUaH/Messias.

> Strong's G3563 "Nous": The intellect, that is "mind" (divine or human; in thought, feeling, or will); by implication meaning:- **Mind**, **Understanding**.

"Nous" in Grieks of "Mind" in Engels is in Afrikaans met verskillende woorde vertaal wat dit moeilik maak as mens die onderwerp wil bestudeer, maar ons kan dit sien as die "Denke" of "Denkwyse" van 'n persoon.

**INLEIDING**

Ons het 'n anatomiese brein, maar ons het ook Denke (die "Mind") wat nie dieselfde as die brein is nie. Vergelyk dit met 'n rekenaar. Die Brein ontvang en prosesseer informasie soos 'n CPU ("Central Processing Unit"), maar die Geheue ("Memory") en die "Mind" is nie materieël nie.

Die "Mind" het geheue maar soos wat ons brein verouder vervaag geheue, hoewel dit alles iewers gestoor is. Wanneer ons sterf, nà die dood, begin die brein ontbind, maar waar is die "Mind"?

Dit is "wie ons is" in die nie-materiële of ontasbare vorm van ons wese wat bestaan afgesien van ons fisiese lewensduurte.

Almal het die "Gees/Asem van Lewe" maar slegs die burgers van die Koninkryk van die Hemel het die **Afgesonderde Gees van JaHUsha** waardeur ons die "Mind" of dan die "Denke" van Messias het.

**DIE SKEPPING EN DIE NUWE SKEPSEL**

Wanneer Paulus met die Korinthiërs praat in 1 Kor. 2:16 dink hy aan Jes. 40:13 en as ons na vers 12 kyk neem dit ons terug na Gen. 1 en die skepping.

> Jes. 40:12  Wie het die **waters** met die holte van sy hand afgemeet, en van die **hemele** met 'n span die maat geneem, en in 'n drieling die stof van die aarde opgevang, en die **berge** geweeg met 'n weegtoestel en die **heuwels** met 'n weegskaal?

Jes. 40:13 Wie het die **Gees van JaHUaH** bestier en as sy raadsman Hom onderrig?

Die "Gees" verteenwoordig die wese en aard van wie Hy is ... in hierdie geval Sy gedagtegang, Sy denke, die uitgangspunt van Sy denke. Daar is 'n Engelse vertaling wat Jes. 40:13 so vertaal ...

Is. 40:13 Who has understood the **mind of YHWH**, or instructed Him as His counselour?

Wie het Hom raad gegee met die skepping? Wie was Sy "Raadsman/Raadgewer" gewees? Dis 'n retoriese vraag wat gevra word, met die vanselfsprekende antwoord dat niemand Hom geadviseer het tydens die skepping nie.

Is. 40:13 Who hath directed the Spirit of YHWH, or *being* his counsellor hath taught Him? *(KJV)*

Ons moet dus verstaan hoe Hy uit die chaos in Genesis begin orde skep het. Dit sal iets vir ons openbaar aangaande hoe ons die Denke van die Messias moet hê.

Gen. 1:1 In die begin het Elohiem die hemel en die aarde geskape.
Gen. 1:2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en **die Gees van Elohiem** het **gesweef** op die waters.

Net soos met die aarde in Gen. 1:2 word ons gebore as "ongevormd" en as "woes en leeg en donker", want ons word in sonde gebore en ontvang (Ps. 51:7) en as daar nie 'n ingryping kom nie, sal ons "ongevormd" bly vir ewig.

Maar in JaHUsha word ons 'n **nuwe skepsel** gemaak, soos Hy dit met die hemel en aarde gedoen het (Joh. 1:1 – 5). Daar was chaos en uit daardie chaos het Hy orde geskep. As ons 'n chaotiese lewe het kan geen mens of menslike ingryping mens daaruit verlos nie, maar Elohiem kan dit doen .... "In die begin **het Elohiem** ..." (Gen. 1:1).

Hy het dit deur sy Gees gedoen ... "en die **Gees van Elohiem** het gesweef op die waters" (Gen. 1:2) en so begin orde skep uit die chaos.

Daar het lig gekom en Elohiem het die lig en duisternis van mekaar **geskei**. Hy het nie gesê dat alles lig moet wees of dat alles duisternis moet wees nie, maar Hy het lig en duisternis van mekaar geskei. Hy maak onderskeid en differensieer.

Gen. 1:3 En Elohiem het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.
Gen. 1:4 Toe sien Elohiem dat die lig goed was. En Elohiem het **skeiding gemaak** tussen die lig en die duisternis;
Gen. 1:5 en Elohiem het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag.

Dis anders as die wêreld van vandag waar alles moet verenig ... "Laat ons een wees" ... is die motto van die dag, of dit polities of godsdienstig of moreel is. Die wêreld sê "Kom ons bring 'n einde aan verdeeldheid, laat ons 'n einde bring aan ons verskille oor doktrines en lering, kom ons vergeet nou daarvan en laat ons in alles EEN wees".

Maar dis nie hoe Messias JaHUsha se denke werk nie. Aan die einde van die dae sal Hy die skape van die bokke **skei**. Sy woord is soos 'n swaard wat sny en **verdeel** (Heb. 4:12). Sommiges sal aan die einde van ons era na die teenwoordigheid van JaHUaH gaan en ander sal in die Poel van Vuur beland. Hy maak voortdurend skeiding soos met die skepping toe Hy lig en duisternis geskei het.

Ons kan dus nie soos die mense van die Nuwe Era Beweging sê dat ons eintlik almal dieselfde Elohiem aanbid nie. Wat hulle sê kom ooreen met dit wat by die Toring van Babel die plan was (Gen. 11:1 – 9). Alles wat dus vir ons geloofsgewys aangebied word kom nie noodwendig van JaHUaH Elohiem af nie, maar van die Vyand af, vanaf die Slang in die ander boom, want hy doen hom voor as 'n engel van die lig.

> 2 Kor. 11:13 Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Messias.
> 2 Kor. 11:14 En geen wonder nie! Want **die Satan self verander hom in 'n engel van die lig**.
> 2 Kor. 11:15 Dit is dus niks besonders wanneer **sy dienaars** hulle **ook voordoen as dienaars van geregtigheid** nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.

Eenwording soos by die Toring van Babel is wat ons gesimboliseerd sien in die Yin Yang. Dit word ook gesimboliseer deur die arend met die 2 koppe wat 'n magssimbool is.





Satan bring dinge saam op 'n duister manier waar "sleg" so "goed" kan lyk. Sekere geloofstrominge kan so goed lyk, maar dan is dit eintlik "sleg".

Klink dit soos die Boom van kennis van goed en kwaad? Wat is dan nou goed en wat is dan nou kwaad/sleg? Is dit nie maar alles eintlik net dieselfde nie? Is dit nie alles een soos binne-in die sirkel van die Yin Yang nie? Dit is wat die Vyand se modus operandi is, hy verenig goed en sleg, sodat dit wat eintlik sleg is ook nou as "goed" gesien moet word.

Elohiem het in die begin die lig van die duisternis **geskei**, maar **die Vyand verenig** lig en duisternis.

Ons word net verenig in die Liggaam van Messias (1 Kor. 11:27, 29, Ef. 4:22 – 33, Joh. 17:20 – 26). In Hom word ons EEN, **maar Hy skei Homself af** van alles wat duisternis is, want Hy is Lig (Joh. 8:12). Hy is die Gesalfde en diè wat Hom volg is ook gesalfdes (vertaal as "christene", Hand. 11:26). Ons is dus van die Lig, ons is van die Dag en ons is nie van die Duisternis of die Nag as ons JaHUsha volg nie.

> 1 Thess. 5:4 Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.
> 1 Thess. 5:5 Julle is almal **kinders van die lig** en **kinders van die dag**; ons is nie van die nag of die duisternis nie.
> 1 Thess. 5:6 Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.
> 1 Thess. 5:7 Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk.

1 Thess. 5:8  Maar laat ons wat van die dag is, **nugter wees**, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.

Elkeen aanbid "iemand" op die een of ander manier.  Is ons van die Lig, van JaHUsha Messias, of is ons van die Duisternis waarvan Satan die owerste is?

Ons moet dus kan skeiding maak tussen Lig en Duisternis.  Daarvoor het ons die Denke van Messias nodig soos dit vir ons opgeskryf is in sy Woord.  Hy skei en onderskei voortdurend, dis Sy "Mind".

Met die skepping het Hy ook die waters van daarbo geskei van die waters van die aarde.

Gen. 1:6  En Elohiem het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters.
Gen. 1:7  Elohiem het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, **geskei** van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so.

Ons word weergebore deur JaHUsha se Gees as die **Lewende Water** en gaan eendag almal soos met die water bo die uitspansel "versamel" word om na "bo", na hemelse plekke, te gaan (1 Thess. 4:17).

Joh. 4:14  maar elkeen wat drink van **die water wat Ek hom sal gee**, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n **fontein van water** wat **opspring tot in die ewige lewe**.

Joh. 7:37  En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het JaHUsha gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, **laat hom na My toe kom** en drink!
Joh. 7:38  Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water sal uit sy binneste vloei**.
Joh. 7:39  En dit het Hy gesê **van die Gees** wat dié sou ontvang **wat in Hom glo**; want die Afgesonderde Gees was daar nog nie, omdat JaHUsha nog nie verheerlik was nie.

Met die skepping is ook plante en gras **volgens hulle soort** voortgebring.  Soorte is geskei van mekaar, elkeen met sy eie DNA.  Messias JaHUsha se denke **sorteer** dus.

Gen. 1:11  En Elohiem het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, **volgens hulle soorte**, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so.
Gen. 1:12  Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee **volgens hulle soorte** en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, **volgens hulle soorte**. Toe sien Elohiem dat dit goed was.

Dis nie net in plante waarin daar saad is nie, Elohiem het die mens ook met saad in homself geskape, man en vrou het Hy hulle geskape.  Saam vorm die man en vrou 'n eenheid waaruit 'n saad voortkom.

Gen. 3:15  En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en **haar saad**. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.


Elohiem het nie net lig gemaak nie, maar Hy het lig vir die Dag gemaak sowel as lig vir die Nag. Voortdurend skei en onderskei Sy denke.

So sê die Woord dat ons as JaHUsha se volgelinge ons moet afskei van Babel, terwyl kerke probeer om meer soos die wêreld te word.

> Open. 18:4  En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: **Gaan uit haar uit**, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

As ons egter van die Messias is, is ons anders en afgesonderd, want ons het (soos met plante) Sy saad in ons (ons is gebore uit Hom) en is so **van Sy “soort”**.

> Gal. 3:16  Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En **aan jou saad,** dit is **Messias**.

As ons weer kyk na die simbool van die Yin Yang sien ons twee klein “saadjies”, een aan elke kant . Dit wil twee soorte binne-in die sirkel verenig ... dit wil goed en sleg, lig en duisternis, verenig.

Die Vyand wil maak asof dit wat Elohiem geskei het, nou nie meer verskillend is nie, maar dat dit dieselfde is.

> Jes. 5:20  Wee hulle **wat sleg goed** noem en **goed sleg**, wat die **duisternis lig maak** en **die lig duisternis**, wat bitter soet maak en soet bitter.

As ons daarmee saamgaan en ons nie afskei van die wêreld nie en goed sleg noem en sleg goed noem, is ons nie meer sout nie, maar dan het ons laf geword (Matt. 5:13).  Dan is daar niks meer van Elohiem in ‘n mens nie, want Sy denke **skei** en **onderskei** en **diskrimineer.**

Ons kan dus in eenheid wees met JaHUsha as Elohiem wat skei en onderskei, of ons kan een wees met Satan as JaHUsha se teenstander vir wie sleg soos goed is, een en dieselfde.

Die Slang het JaHUaH Elohiem se opdrag aan Adam en Eva geneutraliseer met hierdie eenvoudige woorde:

> “Is dit so dat Elohiem gesè het ... ”.

Verder het hy gesê dat hulle nie sal sterwe nie, maar sal baat daarby.

> Gen. 3:1  Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat JaHUaH Elohiem gemaak het. En hy sê vir die vrou: **Is dit ook so dat Elohiem gesê het**: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?
> Gen. 3:2  En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,
> Gen. 3:3  maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het Elohiem gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.
> Gen. 3:4  Toe sê die slang vir die vrou: **Julle sal gewis nie sterwe nie**;
> Gen 3:5  maar Elohiem weet dat as julle daarvan eet, **julle oë sal oopgaan**, sodat julle soos Elohiem sal wees deur goed en kwaad te ken.
> Gen. 3:6  Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ‘n lus was vir die oë, ja, ‘n boom wat ‘n mens kan begeer om **verstand** te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.

Hy het twyfel gesaai en vir hulle uitgelok om begerig te wees om **sy denke/verstand** te kan hê ... hulle oë sou oopgaan vir sy realm en hulle daarmee verenig, daar waar goed sleg is en sleg goed is.

Met die bou van die Toring van Babel het hulle gesê "laat ons een wees", maar JaHUaH het 'n einde aan hulle planne gebring.

> Gen. 11:4 En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie.
> Gen. 11:5 Toe daal JaHUaH neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het.
> Gen. 11:6 En JaHUaH sê: **Daar is hulle nou een volk** en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat **hulle van plan is** om te doen nie.
> Gen. 11:7 Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar **verwar**, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie.
> Gen. 11:8 So het JaHUaH hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en **hulle het opgehou om die stad te bou**.
> Gen. 11:9 Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het JaHUaH die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het JaHUaH hulle **oor die hele aarde verstrooi**.

Satan en die Nuwe Wêreldorde **bou weer** 'n Toring van Babel en wil alle nasies en gelowe **bymekaar bring** om dan vanuit Jerusalem oor die wêreld te regeer.

> Jes. 14:12 Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!
> Jes. 14:13 En jy het in jou hart gesê**: Ek wil** opklim in die hemel, **my troon verhef** bo die sterre van Elohiem en sit op die **berg van samekoms** in die uithoeke van die Noorde.
> Jes. 14:14 Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, **my <u>gelykste</u>l met die Allerhoogste**!

Alles kom dus in Satan se plan bymekaar as EEN, goed en sleg, maar JaHUaH Elohiem verdeel en skei van mekaar. Hy skei die sondaar van diè wat JaHUsha volg. Ons kan 'n slaaf wees van Satan of ons kan JaHUaH dien, want dan sal ons JaHUsha volg omdat ons die denke van Messias het, soos Paulus geskryf het.

Ons kan nie slaafs die denke oorneem van een of ander geloofstroming of kerk nie, want dan word ons een met daardie groep of beweging en ons moet net JaHUsha volg en Sy denke hê soos Hy dit in die Woord geopenbaar het en met Homself een wees as deel van Sy liggaam.

Ware vryheid is om JaHUsha Messias te volg, want dan plant Hy Sy saad in 'n mens en mens word daardie Nuwe mens, 'n Nuwe Skepsel en dan sorteer Hy 'n mens uit soos wat Hy met die skepping gedoen het toe dit woes en leeg en donker was. Sy onverderflike saad sal in 'n mens groei en groei en groei sodat mens al hoe meer uitgesorteer word, beide geestelik en fisies.

Die mens ("adam" in Hebreeus) is uit die aarde ("adamah" in Hebreeus) gemaak, daarom moet die mens soos met die aarde 'n Nuwe Skepsel/Skepping word. Die mens is die mikrokosmos soos wat die aarde die makrokosmos is.

2 Kor. 5:17  Daarom, as iemand **in Messias** is, is hy **'n nuwe skepsel**; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles **nuut geword**.

In Messias JaHUsha het ons vryheid, maar dan moet ons eet van die Boom van die Lewe en Hom gehoorsaam wees, volgens Sy Woord, die Torah van die Messias.  Ons oog moet reg wees en ons moet nie dubbelhartig wees nie, maar ons afskei van die wêreld en voortdurend onderskei terwyl ons harte onverdeeld op Hom gerig is.  Nie soos dit is met die Boom van kennis van goed en kwaad nie, want dan sal die lig in ons **duisternis word**, soos wanneer mens mislei word i.v.m. leringe/doktrines.

Matt. 6:22  Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees.
Matt. 6:23  Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan **die lig in jou donkerheid is**, hoe groot is die donkerheid nie!
Matt. 6:24  Niemand kan **twee meesters** dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag.  Julle kan nie Elohiem én Mammon dien nie!

Maak dus skeiding tussen goed en sleg en kies wat goed is, nie die mengsel nie, dan sal mens vry wees in Messias JaHUsha en nie geboei word met die Vyand se boeie van slawerny nie.

Ons moet nie dubbelhartig wees nie, maar Messias se denke hê.  Dubbelhartigheid is om kompromie te maak.  Dan is mens geskeur na twee rigtings en dis soos een wat twee meesters het (Matt. 6:24).

Jak. 1:5  En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van Elohiem bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.
Jak. 1:6  Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.
Jak. 1:7  Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Meester sal ontvang nie—
Jak. 1:8  so 'n **dubbelhartige man**, onbestendig in al sy weë.

By Karmel was daar twee altare, maar die mense kon nie meer onderskei nie.  Hulle het nie geweet watter altaar JaHUaH s'n is nie.  Eers toe die vuur neerdaal op die altaar wat EliJaHU gebou het, het hulle uitgeroep "JaHUaH is Elohiem" (1 Kon. 18).

Vir die **dubbelhartiges** van Babilon (die Yin Yang gelowiges, die "sleg is goed" gelowiges) sal daar **dubbele vergelding** wees.  Is dit dubbele vergelding vir dubbele standaarde?

Open. 18:6  Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en **verdubbel** dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar **dubbel** in die beker waarin sy geskink het.

JaHUaH se profete was nie dubbelhartig nie.  Hulle het onderskei en Sy Woord vir die volk op die tafel gesit of hulle daarvan gehou het of nie (Eseg. 2:4 – 7, Jer. 1:6 – 10).

Dit was van die begin af die Boom van die Lewe **teenoor** die Boom van kennis van goed en kwaad se kompromieë van die Slang.  Van watter boom gaan ons eet as ons moet keuses maak?

Wie gaan ons by die kruispaaie kies, vrou Wysheid of vrou Dwaasheid (Spreuke 2 - 8)?  Ons kan nie met die wêreld kompromie maak nie ook nie met die misleidende leringe wat in die wêreld beskikbaar is nie.

Ons moet onderskei tussen die Denke/Wysheid van Elohiem (Boom van die Lewe) en die Dwaasheid van die Slang wat in die ander boom nestel. Ons moet vernuwing van Denke kry.

> Rom. 12:2 En **word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie**, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed *("nous" in Grieks, dus die Denke/"Mind"),* **sodat** julle kan beproef wat die **goeie** en **welgevallige** en **volmaakte wil** van Elohiem is.

Ons kan ook nie 'n vals eenheid vorm met sekere geloofsstrominge of 'n spesifieke kerk nie. Ons kan sekere waarhede by 'n sekere plek gekry het, maar as ons die Wolk in **ons eie geestelike groei** daarvandaan sien wegtrek, dan moet ons saamtrek.

> Gal. 5:7 Julle het goed geloop: wie het julle verhinder om die waarheid gehoorsaam te wees?
> Gal. 5:8 **Hierdie oortuiging kom nie van Hom wat julle roep nie**.
> Gal. 5:9 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur.
> Gal. 5:10 Ek vertrou van julle in die Meester dat julle nie anders sal dink nie; maar die een wat **julle in die war bring**, sal die oordeel dra, wie dit ook mag wees.
> Gal. 5:11 Maar ek, broeders, as ek nog die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolg? Dan is die struikelblok van die folterpaal vernietig!
> Gal. 5:12 Ag, as die wat julle opstandig maak, hulleself tog maar ook wou vermink!
> Gal 5:13 Want julle is tot **vryheid** geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde.
> Gal. 5:14 Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Ons moet die Liggaam van Messias JaHUsha onderskei en slegs een word **in Hom**. Ons moet Sy denke hê, want Hy is die kop/hoof van die liggaam. Hy het ons deel gemaak van Sy goddelike natuur.

> 2 Pet. 1:3 Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug,
> 2 Pet. 1:4 waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur **deelgenote** kan word van die **goddelike natuur**, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.

**SLOT**

Soos met die skepping, so is JaHUsha Messias se denke i.v.m. ons wanneer Hy van ons 'n Nuwe Skepping/Skepsel maak deur ons af te skei van duisternis en ons mense van die lig te maak. So word ons deur Sy Gees deelgenote van Sy denke wat ons toerus ten opsigte van ons bestaan in hierdie woestynwêreld waar ons net maar reisigers is op pad na die Hemelse Jerusalem.

> Rom. 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van Elohiem! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
> Rom. 11:34 Want **wie het die gedagte van JaHUaH geken**, of wie was sy raadsman gewees?
> Rom. 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?
> Rom. 11:36 Want **uit Hom** en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amein.

0-0-0-0-0

AndriYaH
Februarie 2020